# Tafnuus: Mei 2026

**Beste Tafelberg Fotografieklub,**

**Meimaand was Taf Salon maand, dankie aan elke lid wat ruim van hul tyd, kundigheid en entoesiasme gedeel het.** Ons beoordelaars het oor die twee beoordelingsdae 3343 foto's beoordeel. Dit was 'n grootse spanpoging en 'n wonderlike ervaring om almal te sien saamwerk.

Ons is nog nie klaar met die administratiewe gedeelte nie en resultate moet nog goedgekeur word, ens.

Dankie aan Nicol en Trudie du Toit vir hul maraton poging om 143 fotos te evalueer vir ons kompetisie aand. Hul het ingeligte en deurdagte terugvoer gegee, baie dankie.

1. **WEN-FOTO'S van Mei 2026. Hartlik geluk aan die wenners.**
   **KATEGORIE Mono met kontras. Beoordelaars Nicol en Trudie du Toit:**

| | |
|---|---|
|  |  |
| **Take a bite: Sonja Myburgh**<br>**Wenner: Ope kategorie** | **Food for the young : Adriaan van Zyl**<br>**Naaswenner: Ope kategorie** |

| | |
|---|---|
|  |  |
| **De Doorns Mono: Christo Giliomee**<br>**Wenner: Vaste kategorie** | **Flat Building: Neels Beyers**<br>**Naaswenner: Vaste kategorie** |
|  | |
| **Ballet in Blue : Hendi Barnard**<br>**Junior Wenner** | |

## 2. Junie 2026: BYEENKOMSTE

- **Uitstappie <u>13de Junie</u>: Bo-Kaap fotografie wandeling.**
  **Kleurvolle geleentheid om in 'n groep die Bo-Kaap te beleef; ook 'n wonderlike straatfotografie geleentheid.**
  **Kontak Theo Potgieter of Taariq Levack as jy graag wil saamgaan.**

- **<u>Vaardigheid -  2de Junie</u> : Ateljee fotografie, babas ens.** By die geleentheid gaan **Sonja Myburgh,** nog een van ons bekwame klublede, gesels oor ateljee fotografie. Sy het op ‘n stadium haar eie ateljee gebruik en deel graag haar kundigheid. Baie dankie Sonja!

- Die maand se klubkompetisie is die **<u>16de Junie</u>** en die sluitingsdatum vir inskrywings is die **<u>10de Junie</u>.** Die byeenkomste sal slegs geZoom word.
- **<u>Tema</u>** : **Natuur, slegs voëls**. Onthou asb manipulasie word nie toegelaat in hierdie vaste kategorie!
- **Quintus Heine**  is ons volgende entoesiastiese beoordelaar, hy is van Tafelberg fotografie klub,en hou van landskap en wildfotografie.

***Wegnaweek****:*

**WESTERN CAPE**
**PHOTOGRAPHY CONGRESS 2026**

Landscape Photography Weekend
Tulbagh • 4–6 September 2026
Learn • Explore • Create with internationally recognised photographer Kyle Goetsch



Join photographers from across the Western Cape for an inspiring weekend dedicated to landscape photography in the beautiful Boland town of Tulbagh. The Western Cape Photography Forum, representing 15 photography clubs, invites photographers of all levels to learn, explore and create together.

**Guest Photographer – Kyle Goetsch**
Internationally recognised Cape landscape photographer who will lead practical sessions on composition, natural light, creativity and editing. His work has been featured by CNN and the BBC.

**Weekend Highlights**
Friday: Introduction, composition and sunset field session.
Saturday: Sunrise photography, editing workshops (Lightroom & Photoshop), creative landscape photography and interclub competition.
Sunday: Explore the surrounding landscapes.





Photos by Kyle Goetsch

| REGISTRATION INFORMATION |
|---|
| WCPF Members (affiliated clubs) – R550  \|  Meals included |
| Non-Members – R1000 |
| Registration closes: 31 July 2026 |
| Venue: NG Kerk Tulbagh – Church Hall |
| Enquiries / Registration: wcpforum@yahoo.com |

Instagram: instagram.com/kylegoetschphotography | YouTube: youtube.com/@Kylegoetsch
Sponsored by the Western Cape Photography Forum (WCPF)

**Wes Kaap Fotografie Forum mini kongres:** Onthou om te bespreek vir die naweek van die 4de tot 6de  September. Ons het nie ‘n eie weg naweek die jaar nie en ondersteun graag bg.
Tafklub is deel van die reëlingskomitee.

| Naam | *PSSA Nat salon* | *Bcc 8th Nat Pdi salon* | *HCPS salon* |
|---|---|---|---|
| Neels Beyers | 6 | 2 | 2 |
| Amanda du Toit | 4 1 Meriete | | 4 |
| Christo Giliomee | 7 | 6<br>Medalje naaswenner | 7 1 Meriete |
| Niel Goslett | 5 | | 7 |
| Juliane van Dyk | 7 | 7 1 Meriete | 3 |
| Adriaan van Zyl | 7 | 8 | 7 |
| Karen van Zyl | | 4 | 5 |
| Mariana Visser | 2 | 1 | |
| Arnold van Dyk | 12 1 Meriete | 9 1 Meriete | 7 1 Meriete |
| Sonja Myburgh | 5 | 8 3 Merietes<br>Medalje naaswenner | 8 1 Meriete |
| Andre de Koker | 4 | 2 | |
| Esme Bruwer | 5 | | |
| Eurica Scholtz | 2 | | |
| Phillip de Lange | 10 1 Meriete | | |

## 3. KLUB PRESTASIES:

**<u>Uitslae van PSSA Salonne:</u>**
**Welgedaan aan bogenoemde lede! Ons is tans 4de op klubvlak in die land, en eerste in die Wes Kaap!!! Ons is kortkop agter Magalies klub en kan hul dalk nog inhaal. Welgedaan Taffies! Skryf dus asb in vir die oorblywende salonne tot die einde Junie. Daar kan nog veel veranderinge plaasvind tot die einde van Junie wanneer die Impala kompetisie sluit.**

**4. Welkom aan ons nuwe lede Ettienne Kotze, Marianna Vallely en Taariq Levack ons hoop Taffies is vir julle 'n heerlike fotografie reis ervaring.**

**Laastens: Onthou om jul passie vir fotografie te behou deur dit te geniet en die klub en sy mense en geleenthede te waardeer, benut en te geniet.**

**Dank ook aan ons Skepper dat ons saam kan floreer.**

*Vriendelike Groete*

*Juliane van Dyk*